**Die ware Priesterkoning word gekruisig**

**Joh 19:17-24**

**29 Maart 2026**

1. Vantevore: Uit die verhoor voor Pilatus was dit duidelik al die mense betrokke was boos – behalwe die Here Jesus. Alhoewel Pilatus na Hom verwys as die mens, is Hy ook God wat dit alles verdra gedring deur Sy liefde. Die Vader is die een met ware volmag (nie Pilatus nie) – en Hy gebruik dit alles om eventueel alles aan Sy kinders te kan gee.
2. Johannes is selektief in sy beskrywing van die kruisgebeure – met 'n spesifieke doel
3. Die kennisgewing wat Pilatus aan die kruis laat vasheg het (Joh 19:19-22)
    a. Pilatus het die Here Jesus skuldig bevind omdat Hy die Koning van die Jode is – sy kennisgewing sê dit is 'n feit
    b. Jode wil nie erken dat Hy hulle Koning is nie – eerder "Hy het gesê..."
    c. Die Here God het egter die kennisgewing laat skryf, want Hy is die Koning van die Jode:
        i. Die Here Jesus is die beloofde Koning uit Dawid se nageslag (2 Sam 7:11-15)
        ii. 'n Ware Jood is innerlik besny in die hart (Rom 2:28-29)
    d. Die Here God het ook bewerk dat die kennisgewing in Hebreeus, Latyn en Grieks geskryf was, en dat die Here Jesus op besige plek gekruisig is – almal moet weet: Hy is die Koning van die (ware) Jode
    e. Met die finale oordeel sal die Here Jesus se Naam ook geskryf wees: Koning van die konings, en Heerser van die heersers (Op 19:6)
4. Die soldate wat die Here Jesus se klere verdeel het (Joh 19:23-24)
    a. Die Here Jesus is naak gekruisig. Klere is verdeel onder 4 soldate. Onderkleed is aan een soldaat gegee – volgens loting (onverdiend) – vervulling van Ps 22:19
    b. Bruilofsfees van die Lam (Op 19:7-8): Bruid (gelowiges) dra helder fyn wit linneklere:
        i. Linneklere is regverdige dade – wat aan haar gegee is
    c. Gemeente in Laodisea (Op 3:17-18): Hulle moet by die Here Jesus klere koop om naaktheid te bedek
    d. Kruisiging: Een soldaat se naaktheid (gebrek aan regverdige dade) word volledig (volledige onderkleed) bedek, terwyl die Here Jesus naak aan die kruis hang – uitbeelding van regverdigmaking van uitverkorenes
    e. Skeppingsverbond (Gen 2:25): Adam en Eva was naak (nie gevorder met skeppingsopdragte nie), maar nie skaam nie (dit het hulle nie gepla nie)
    f. Sondeval (Gen 3:7, 10): Adam en Eva is naak én skaam én bang – hulle is naak want hulle vorder nie met skeppingsopdragte nie en boonop sondig hulle – so hulle wil naaktheid bedek met vyeblare
    g. Genadeverbond (Gen 3:21): Die Here God gee klere van vel – hulle benodig klere om aan bruilofsmaal te kan aansit – die klere gaan vereis dat bloed moet vloei
    h. Kruisiging (Joh 19:23-24): Die Here Jesus se bloed vloei, Hy is naak aan die kruis, een soldaat ontvang Sy onderkleed – dis die klere van vel, en sy bruilofsklere
    i. Die Here Jesus is die ware Hoëpriester
5. Samevatting
    a. Johannes is selektief in sy beskrywing – onderstreep die Here Jesus se oorwinning:
        i. Hy is die Koning van die konings (Pilatus se kennisgewing)
        ii. Hy is die ware Hoëpriester (soldate se verdeling van klere)
    b. Die Here Jesus is dus die Priesterkoning (Vgl Eks 19:5-6, 1 Pet 2:9, Op 1:5-6)